# AFRIKAANS

## TWEEDE ADDISIONELE TAAL

## VRAESTEL 2

### GRAAD 10

**Mei/Junie 2010**

**TYD:** 2 UUR
**PUNTE:** 80

**MOTHEO DISTRIK**

**INSTRUKSIES EN INLIGTINGSBLADSY**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

**AFDELING A: Opstel:** 40 punte

**AFDELING B: Langer Transaksionele Teks :** 20 punte


**AFDELING C: Korter Teks: Transaksioneel/Naslaan/ Informatiewe:** 20 punte

- Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling
- Skryf in die taal wat geassesseer word.
- Begin elke afdeling op ŉ nuwe bladsy.
- Jy moet beplan (bv. ŉ kopkaart, vloeidiagram, diagram, sleutelwoorde, ens.), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die opstel wees.
- Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ŉ streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.
- Jy word sterk aanbeveel om 60 minute aan afdeling A te bestee, 30 minute aan afdeling B en 30 minute aan afdeling C
- Nommer elke teks soos wat dit op die vraestel genommer is.
- Voorsien elke teks van ŉ gepaste titel/opskrif.
- LET WEL: Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.
- Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: Vraag 1**

- Kies EEN vraag en skryf 150-180 woorde oor die onderwerp.
- Gee bewys van beplanning en redigering.
- Dui die: FINALE SKRYFSTUK duidelik aan.

## 1.1 My sokkerheld



[*clip art*]


Daar is een sokkerspeler wat jou held is. Skryf 'n opstel waarin jy van hierdie speler vertel.

Dink aan:

- Wie die speler is.
- Waar hy groot geword het.
- Waar hy skool gegaan het.
- Watter sokkerspan hy voor speel.
- Hoe hy sokker speel.
- Hoekom hy hou held is.

OF

## 1.2 My lekkerste verjaarsdagpartytjie .




[*Clip art*]

Beskryf die verjaarsdagpartytjie wat vir jou die lekkerste was.

Dink aan:

- Wanneer en waar die konsert was.
- Hoeveel mense by die konsert was.
- Wat die groep alles gesing het.
- Of die mense daarvan gehou het.

1.3

# Ek vang ’n dief



[*Clip art*]

Jy het van die skool huis toe geloop toe jy gesien het hoe ’n dief by die bure se huis probeer inbreek. Vertel hoe jy die dief gevang het.

Dink aan:

- Wanneer dit gebeur het.
- Wat jy gesien het.
- Wat jy gedoen het.
- Wat die polisie gesê het.

OF

1.4

# Stories wat my ouma vertel



[*Clip art*]


Jou ouma vertel die mooiste stories oor jou volk se tradisies. Skryf ’n opstel waarin jy een van hierdie stories vertel.

Dink aan:

- Wat die naam van die storie is.
- Wie die belangrikste persoon in die storie is.
- Wat alles met die persoon gebeur.

OF

## 1.5 Ek hou die meeste van tradisionele kos



Elke volk het sy eie manier van eet. Vertel van watter kossoorte jy die meeste hou.

Dink aan:

- Die name van die kos waarvan jy hou.
- Hoekom jy van die kos hou.
- Hoe die kos gaar gemaak word.

1.6 Kies EEN van die prente en skryf 'n opstel daaroor.

1.6.1



[*Afrikaans sonder grense*]

OF


1.6.2



[*Afrikaans is lekker*]

OF

1.6.3



[*Kaperjol*]

OF

1.6.4



[*Afrikaans is maklik*]

**Totaal Afdeling A: 40**

**AFDELING B: Vraag 2: LANGER TRANSAKSIONELE STUKKE**

- Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.
- Daar moet bewys van beplanning in jou antwoordboek wees.
- Dui jou finale skryfstuk duidelik vir assessering aan**.**

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou ma het Sondag baie lekker kos vir julle gekook. Skryf vir jou ouma en vertel van hierdie lekker ete.

Dink aan:

- Wie almal by die ete was.
- Hoekom jou ma solekker gekook het.
- Watter kos sy alles gemaak het
- Hoekom die ete vir jou so lekker was.

OF

2. 2 **VERSLAG**

Die premier van die Vrystaat het julle skool besoek. Skryf 'n verslag vir die skoolhoof oor hierdie besoek.

Dink aan:
- Wanneer die besoek was.
- Wie almal die skool besoek het.
- Hoekom die skool besoek is.
- Wat alles gebeur het.

OF

2.3 **DIALOOG**

Sello het nie sy assesseringstaak ingegee nie. Sy onderwyser het hom na die skoolhoof gestuur.

Skryf die gesprek tussen hulle in dialoogvorm neer.

Begin die dialoog soos volg**:**

Skoolhoof: Sello kan ek jou help

Sello: Meneer juf. Moekoena het my na u gestuur.

Skoolhoof: Hoekom Sello?

Sello:

OF

2.4 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Skryf n brief aan jou ma en pa en vertel van die tradisionele dag wat by julle skool gehou is.

Dink aan:
- Wanneer die dag was.
- Wie almal deelgeneem het.
- Wat almal gedoen het.
- Hoekom dit vir jou lekker/sleg was.

**Totaal Afdeling B: 20**

**AFDELING C**: **Vraag 3: KORTER TEKS: TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE**

- Kies EEN vraag en skryf 60 - 80 woorde oor die onderwerp.
- Daar moet bewys van beplanning en redigering wees.
- Dui jou finale skryfstuk duidelik vir assessering aan.

3.1 **POSKAART**

**Teken die poskaart hieronder oor in jou antwoordboek en voltooi dan die opdrag.**

| | |
|---|---|
| Inhoud | Adres |

Skryf aan jou beste maat en vertel van die inbraak by jou skool.

OF

3.2 **POSKAART**

**Teken die poskaart hieronder oor in jou antwoordboek en voltooi dan die opdrag.**

| | |
|---|---|
| Inhoud | Adres |

Skryf aan jou held/in en sê hoekom jy so baie van hom/haar hou.

OF

3.3 **UITNODIGINGSKAARTJIE**

Die skool hou ’n tradisionele kosdag. Jy moet die uitnodigingskaartjie daarvoor maak.

Dink aan:
- Wie?
- Waarvoor?
- Waar?
- Hoe laat?
- Wanneer?
- Van wie?
- Hoe jy moet antwoord?

**Totaal Afdeling C: 20**
**TOTAAL VRAESTEL 3: 100**